Hessequa Vereniging vir Argeologie Annale
Hessequa Association for Archaeology Annals

8 September 2015
Jaargang 9 No.4

8 September 2015
Year 9 No.4



HAYLEY CAWTHRA KOM TERUG!

Lede van die HVA sal Hayley onthou. Sy het enkele jare gelede op versoek van die Vereniging vir ons ’n beeld gegee van die geologie van die Hessequastreek. Haar voordrag is toe besonder goed ontvang. Sy het later teruggekom en dié lede wat kans gesien het, op ’n staptoer begelei om van die rotsformasies ter plaatse te ondersoek.

Sedertdien het sy haar doktoraat behaal en tans is sy senior geoloog by die Raad vir Geo-wetenskap. Die Tuin-op-die-Brak het met haar geskakel, omdat hulle klipmonsters vir die geologiese roete by die Tuin soek. Hayley was dadelik geesdriftig en het beloof om vir die Tuin ’n verskeidenheid monsters te bring. Een monster in die besonder is vir die argeologie van belang. Sy bring ’n monster rou silkreet en een behandelde voorbeeld saam. Lede sal weet dat hierdie behandelde klip verskeie kere in die voorgeskiedenis in die verwerkte vorm van klipimplemente opduik. Dis een van die vroegste voorbeelde waar die mens materiaal behandel het om dit meer bruikbaar te maak.

Die HVA het ‘n geleentheid raakgesien en haar genooi om met sy lede te kom praat oor haar doktorale werk. Haar studieveld was die geologie van die Agulhasbank, en dit, soos lede weet, is tans argeologies belangrik. Die etnobotaniese werk van prof. Richard Cowling (waarby Jan de Vynck intens betrokke is) is onder meer afgestem op die bank in sy ontblote staat tydens die verskillende ys-tydperke.

Die HVA bied dus, in samewerking met die Tuin-op-die-Brak, ’n openbare voordrag deur Hayley aan.

Plek: Sysaal van die Gemeenskapsentrum
Datum: 21 September 2015
Tyd: 17:30.
Onderwerp: “ A drowned terrestrial landscape on the South Coast continental shelf.”

Teken asseblief nou reeds hierdie datum aan.

A TASTE OF FIELD WORK FOR MEMBERS.

In our previous news letter we announced that we were keen to give members the opportunity to get their hands dirty. Jan de Vynck has identified a number of caves that are relatively easily accessible. In order that the Committee can arrange a date and plan the logistics, members who wish to make use of this opportunity are requested to inform the secretary of their intention. Please do so before Friday, 18 September.
Secretary: Esther Scheffer
E-mail: estr@tekomsa.net
Tel: 028 754 3589

LEDEGELD

Die Bestuur is tans besig met ‘n hele aantal opwindende projekte. Ongelukkig is dit so dat die bydrae wat die munisipaliteit oor die jare gemaak het om die bedrywighede in stand te hou, steeds ’n afwaartse tendens handhaaf. Ons is dus toenemend aangewese op ons ledegeld om die bedrywighede voort te sit.

Ongelukkig word ons lede ouer en hulle geheues korter. Ons herhaal dus ons vorige versoek aan ons lojale lede: *Betaal asb u ledegeld nou.*

Desondanks die verminderde bedrag, bedank ons die Raad vir sy bydrae. Elke bietjie help.

EXCITEMENT TO COME

In the previous paragraph we mentioned that the Committee was in the throes of planning a number of momentous projects. We are not quite ready to go public, because more work is required.

However, ***watch this space!***